

Sing vooraf: Psalm 27:4 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 92:1 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 9-1:6 (26:6)

- 6 Gedenk die sabbat: in ses dae / het God die wêreld toeberei;
maar Hy het, na sy welbehag / die rusdag aan sy diens gewy.

Skriflesing: Eksodus 35

Teks: Eksodus 35:2; Kategismus Sondag 38

Ses dae lank kan daar werk verrig word, maar op die sewende dag moet daar vir julle 'n heiligheid, 'n dag van volkome rus wees tot eer van die HERE. Elkeen wat daarop werk verrig, moet gedood word.
(Eksodus 35:2 AFR1953)

Die vierde gebod handel oor die manier waarop die Sabbat deurgebring moet word.

1. Wat is die beginsel wat ter sprake is?

2. Wat doen 'n mens op so 'n dag?

1. Wat is die beginsel wat ter sprake is?

Die Here gee hier 'n beginsel:

- Daar is een van die sewe dae wat Hy afsonder dat Hy op daardie dag vereer kan word.
- Daar is in die Nuwe Testament geen aanduiding dat die versoening en vervulling van Jesus Christus hierdie beginsel laat verval het, of laat verbygaan het nie.

Ons lees wel dat die betrokke dag verskuif het van die sewende dag af na die eerste dag toe, maar die inhoud het dieselfde gebly.

- Die rede vir die verskuiwing van die sewende dag af na die eerste dag toe, is omdat ons toe van die ou verbond af oorgegaan het na die nuwe verbond toe.
- Die werkverbond het toe verbygegaan, en die genadeverbond het in Christus tot stand gekom.

Die praktiese gevolge daarvan was dat in die werkverbond die mens eers ses dae moes werk voordat hy kon rus, en op die rusdag God verheerlik.

- Die simbool wat hier ingebou was, was dat die mens eers sy aardse lewe moes deurwerk voordat hy die ewige Sabbat by God kon ingaan.

Toe kom die genadeverbond.

- Daarin sê die Here dat ons reeds saam met Jesus Christus in die dood begrawe is, en saam met Hom opgestaan het in 'n nuwe lewe.
- Ons hoef dus nie nou meer die wet te onderhou om hemel toe te gaan nie; ons het dit reeds in Jesus Christus.

Maar ons is nog op die aarde!

- Daarom is die simbool nou so dat ons die eerste dag van die week die Here aanbid, om daarmee te wys dat ons ons lewe nou al, soos in die hiernamaals, leef in die genade van die Here se versoening.

Let egter op dat die inhoud dieselfde gebly het.

- Ons loof en prys die Here nog steeds op daardie dag.
- Dit bly die dag wat Hy eenkant hou omdat Hy op die een dag al ons aanbidding wil hê.

Dit is waarom die Here Jesus die volgende uitspraak gemaak het in Markus 2:27:

En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.

(Markus 2:27-28 AFR1953)

Hier handhaaf die Here Jesus self die heiliging van die sabbat.

- Daarmee verval die sinnelose argument wat mense deesdae het dat hulle in Jesus verlos is, en daarom ook nie meer die Sondag hoef te onderhou as 'n dag wat vry is van werk, en gevul met aanbidding, soos dit in die Ou Testament was nie.
- Die Here sê hier self dat die doel van die dag gebly het, en dat die God van die dag ook gebly het.
- Die toestand is dus onveranderd.

2. Wat doen 'n mens op so 'n dag?

Dink net vir 'n oomblik aan die instelling van die Sabbat:

Gedenk die Sabbatdag dat jy dit *heilig*.

Die nuwe Afrikaanse vertaling lees:

Sorg dat jy die Sabbatdag *heilig hou*.

Wat beteken die woord *heilig*?

- Eerste beteken dit om iets apart te stel – eenkant te sit.
- Dan beteken dit om die ding wat jy eenkant sit aan God te wy.

Die dag word dus eenkant gesit vir die Here.

- Die dag word alles gedoen wat die Here behaag.
- Die Here het die sewende dag gerus – maar u moet onthou dat dit nie 'n passiewe rus was, met ander woorde dat die Here niks gedoen het nie.
 - Hy was baie aktief op daardie dag, want Hy het Hom gaan verlustig in sy werk.
 - Uit die hele skepping het die heerlijkheid van God se werke Hom toegestraal.

Vir die Israeliete het die Here gesê dat hulle moet onthou dat Hy hulle Verlosser is, want Hy het hulle uit Egipteland verlos.

Dieselfde geld ons. Die Here is ons Verlosser, want Hy het ons van die hel verlos.

U moet ook so die sabbat vier.

- Eerste mag ons nie werk nie.
- Die Here voel so ernstig oor die saak dat Hy die wat tog gewerk het, laat doodmaak het.
- Op hierdie punt sondig baie van ons, want Sondag was ons die motor, en werk ons in die tuin, en doen ons alles wat deur die week oorgestaan het. Die Here gaan u dit nie verskoon nie.

Aan die ander kant moet u wel aktief wees. Daar is sekere werke wat op die Sondag gedoen moet word.

- Die eerste een is om op die betrokke dag die eredienste by te woon.
 - Dink hier maar aan Psalm 84. Psalm 84 word geskryf deur iemand wat weet waarvan hy praat, want die persoon wat dit skryf, was juis een wat deur sy sondes verbied was om weer in die tempel in te gaan.
 - Toe word hierdie psalm gebore uit dit wat hy mis.
 - Moenie dat u ook te laat uitvind wat u verbeur as God u deur sy oordeel uit sy huis uitsluit nie!

Die Sondag moet ook gebruik word om aktief die Bybel te bestudeer.

- Die Nuwe-Testamentiese Christene was gereeld op hierdie dag vir ure bymekaar rondom God se Woord.
- Die Here Jesus het self op hierdie dag die boekrol van Jesaja geneem en dit vir die volk verklaar.
- Dis ook die dag waarop ons besonderlik ons kinders die Woord van God leer. Huiskatkisasie tuis, maar ook katkisasie in die kerk.

Nou moet u vir uself besluit: waar pas u?

- Is u een van die mense wat hierdie dag gebruik vir uitspattighede, vir werk, vir diens aan jouself, terwyl jy die heiligheid van God vergeet?
- Onthou net, jy kan nie met die redenasie kom dat as jy een uur in die kerk was, jy jou kant op die dag vir die Here gebring het nie.
- Die Here sal vir jou vra wat van die ander 23 uur, want Hy lê beslag op die hele dag!

Die Here het in sy toorn gesweer dat Hy almal wat sy rusdag ontheilig, sal laat sterf.

- Ons moet nie die Here tart nie, want ons kan ons nie teen die almag van God verset nie. Dink aan Hebreërs 4:1:

Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.
(Hebreërs 4:1 AFR1953)

Kom ons lees Kategismus Sondag 38 saam.

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: *God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensonderrig in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).*

(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42.

(c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor:14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer my siel en hunker van verlanse / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer; en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare, welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 17 Augustus 2008

Opsomming

Die Sabbatdag word dus eenkant gesit vir die Here. Dié dag word alles gedoen wat die Here behaag. Ons vier die Sondag net so.